15 Mei 2022

PRAKTIESE WYSHEID

VIR KLEINGROEPE

Openbaring 21:1-6

ons **storie** ysbreker

Vertel van die mooiste stad of dorp waarin jy al was.
Hoekom is dit 'n mooi plek?
Wat maak dit 'n lekker plek?

word **stil**

Hoe sal dit wees as die skepping God aanbid?
Nie net mense nie, die hele skepping?
Lees Psalm 148.

GOD se **storie** wat sê **die Bybel**

Lees saam
Openbaring 21:1-6

Lees gerus die teks in meer as een vertaling.

GOD se **storie** **gesels** hieroor na

Ons kry hier 'n pretjie van hoe die ewigheid sal wees.
Dit is 'n beskrywing - dit is nie volledig of 100% duidelik nie.

Die idee is nie dat ons probeer om alles te verstaan of presies gaan weet hoe alles sal wees nie.

Wat is die een gedagte of tema wat vir jou uitstaan in die gedeelte?

Wat gebeur met die hemel en die aarde in die ewigeheid? (Open 21:1)

nouts praktiese wysheid...

Waar woon God wanneer die ewigheid aanbreek?

Die ewigheid is anders as die hede. Wat is daar nie in die ewigheid nie? (Open 21:4)

Hoe dink jy sal dit voel om daar te wees?

God maak alles nuut. God red sy Skepsels (ons) maar ook Sy skepping (alles).

Wanneer gaan hierdie goed alles gebeur?
(Open 21:6)

Wanner ons in die Bybel lees van dors wees beteken dit dat iets of iemand 'n verlange het na God.

Wat sou die ewigheid vir iemand beteken wat dors is? (Open 21:6)

ons **nuwe storie**

Hoe ons nuut dink, doen en leef in die wêreld rondom ons.
Verder en Voor:
Wat is daar in die ewigheid (in die nuwe hemel en aarde) waarna jy uitsien?
Hoe laat dit jou voel?
Hoe help dit jou in jou lewe vandag?
Hoe verander dit hoe jy die toekoms benader?

na die **erediens**

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is:

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte?
Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

God hou die toekoms reeds in Sy hand.

Ons bid vir mekaar en vir ander.
Mag ons nou reeds leef soos mense wat weet die ewigheid is in God se besit.